

„Onwelluidende” Psalmwysies

deur C. G. S. DE VILLIERS

[Met die oog op die aanstaande verskyning van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek sal dit lesers ongetwyfeld interesseer om een en ander te verneem in verband met die oorsprong van enkele van ons bekendste psalms. In hierdie artikel — wat die eerste is van 'n reeks van drie — word aangedui waarom sekere psalmwysies vandag feitlik nooit gesing word nie. Hulle wortel in die middeleeuse monofoniese musiek, wat vreemd is aan die moderne harmonie-begrip, en sal daarom nie maklik ingang vind by die publiek nie. In die tweede artikel word die geskiedenis van die Hugenote se strydpsalm (Ps. 68) kortliks meegedeel; terwyl daar in die derde artikel o.a. 'n kort uiteensetting gegee word van die korale wat op Psalm 146 gebaseer is. — RED.]

DIE beswaar word dikwels geopper dat ons psalmwysies moeilik is om te leer en dat hulle vreemd en onwelluidend klink. Hierdie beswaar geld geensins vir Suid-Afrika alleen nie, want ook in Nederland word dit betreur dat hoewel al honderd-en-veftig psalms in die Gesangboek opgeneem is, die meeste van hulle eerwaardige relieke is wat nooit meer gesing word nie of hoogstens, wanneer hulle opgegee word, so naastenby deur die gemeente agter die orrelbegeleiding geneurie word. Die Franse Protestantse Kerk het eenvoudig twee-derdes van die psalms nie meer opgeneem nie en daarmee stilswygend te kenne gegee dat die wysies nie meer deur die gemeentes aangeleer of gewaardeer kan word nie, hoewel die psalmmelodieë soos miskien geen ander musiek nie uit Franse bodem ontspring het en die onmiskenbare stempel van die Franse musiekkultuur dra. Hoe moet dit dan verklaar word dat dié vervreemding nie alleen in Nederland en Suid-Afrika nie, maar selfs in Frankryk nie weggeredeneer kan word nie, hoeseer dit om geskiedkundige en kulturele redes ook al betreur word?

Die rede moet gesoek word in die rigting wat die musiekontwikkeling in die afgelope drie of vier eeue ingeslaan het: 'n rigting wat ons die homofonie noem en waarmee die moderne mens vertrouwd geraak het uit die musiek van Haydn, Schumann, Brahms en ander, en 'n rigting wat ook die volksmusiek waaruit Mozart, Brahms en Sjmetana met sulke volle hande gegryp het, kenmerk. Hierdie homofoniese musiek sluit die harmonie-begrip in, d.w.s. dat die melodie deur akkoorde van instrumente of stemme aangevul en begelei kan word. So is dit dus moontlik om „Prijs den Heer” se wysie met 'n groot meerstemmige koor en orrel- of orkesakkoorde uit te voer en sodoende die uitwerking van die melodie deur aanvullende harmonie grootliks te verhoog. Dit alles is moontlik vanweë die gebruik van harmonie wat ons instinkmatig voel, al word die melodie ook al deur 'n enkele stem of deur vele stemme eenstemmig voorgedra. Die moderne musiek, en dus ook „Prijs den Heer” se nuwe wysie, wat eers in 1805 ontstaan het, is dus wesenlik harmonie van aard. Maar die ouer musiek, soos die musiek van

ons psalms, was dit hoegenaamd nie.

Die Middeleeue was die tydperk van *eenstemmige* of monofoniese musiek: musiek wat alle harmonie ontbeert. Toe 'n poging gedoen is deur Goudimel om ons psalms vierstemmig, d.w.s. harmonies, te verwerk, was Calvyn bitter daarteen gekant. Hy het die kerklike gebruik daarvan verbied omdat die harmonie vir hom wêreldse en oneerbiedig was; so sterk was die eenstemmige (monofoniese) musiekbegrip nog teen die middel van die sestende eeu!

Toe die harmonie dit egter oor die eenstemmigheid begin wen, is daar al hoe meer behoefte gevoel om ook die psalms harmonies (veelstemmig) te sing, en dit is en word ook gedaan. Maar dan mag nie vergeet word nie dat ons sodoende die musiek van die doende geweld aandoen.

Want ons dwing die harmonie af op musiek wat ontstaan het in die eenstemmige tydperk, sodat die harmonie nie iets inherents aan ons psalmwysies is nie.

In werklikheid is die saak nog baie erger as wat dit hier voorgestel word, want die Middeleeuse musiek het nog 'n ander eienaardigheid gehad waarteenoor ons nog oneindig vreemder staan as teenoor die nie-harmoniese eenstemmigheid. Dit is baie moeilik om dié eienskap te verduidelik sonder behulp van klank, maar laat ons probeer.



Prof. dr. C. G. S. de Villiers.

Ons moderne melodieë eindig feitlik altyd op die *doh*, die tonika, wanneer ons in die *doh*-modus (of majeur of groottert) sing. Ons het egter nog 'n modus, die *lah*-modus (mineur of kleintert) waarin sulke bekende gesange en psalms as „Wie maar den goeden God laat zorgen” en „De lofzang klimt uit Zions zaalen” geskryf is. Sulke melodieë eindig feitlik altyd op *lah*. Die moderne oor is dus vertrouwd met die *doh*-modus en die *lah*-modus. Maar die Middeleeue het nog verskeie ander modusse gehad, en ons twee was nie juis besonder bekend of bemind nie! In daar-

die dae was die geliefkoosde modus die *ray*-modus, maar die *me*-, *fah*-, en *soh*-modusse was ook algar bekend. Ons het dus die volgende modusse waarin ons psalmmelodieë geskryf is:

- Joniese, of C-modus, of *doh*-modus.
- Doriese, of D-modus, of *ray*-modus.
- Phrygiese, of E-modus, of *me*-modus.
- Lydiëse, of F-modus, of *fah*-modus. Kom nie onder die psalmmelodieë voor nie.]
- Mixolydiëse, of G-modus, of *soh*-modus.
- Aeoliëse, of A-modus, of *lah*-modus.

Soos reeds vermeld, gebruik die moderne musiek net die Joniese en die Aeoliëse modusse, en die komponiste van die sewentiende, die agtiende en die negentiende eeu het ons geleer om dié twee modusse te verwend en te harmonieer. Dit is dus ook maklik begryplik dat net dié psalms wat in die *doh*- en die *lah*-modus geskryf is vir ons enigins bekend is, want die ander modusse is vir ons net so wildvreemd as die Oosterse musiek. As ons sulke melodieë wil harmonieer, dwing ons die harmonie op hulle af, en ons moet dan meestal die melodie verander deur verhoging of verlaging van bepaalde note. Selfs met die *lah*-modus moet dit gebeur, want sy skala is l t d r m f s l, terwyl die mineur of kleinterts se skala l t d r m f s l is. Daarom sing ons die melodie van die Huges-

note-strydpsalm (ps. 68) as volg: d d r m d m f e s, in plaas van die oorspronklike d d r m d m f s!

Die probleem van die Phrygiese, Doriese en Mixolydiëse psalmmelodieë is 'n aktuele vir alle Protestantse Kerke wat die Franse psalmwysies sing, en veral vir die kerke in Suid-Afrika wat al 150 behou het. Die oplossing van die probleem kan langs twee weë gesoek word. Die „vreemdklinkende” psalms kan van nuwe wysies voorsien word: 'n oplossing waarteen ek om historiese redes en uit piëteit teenoor ons Frans-Protestantse tradisies bitter gekant is. Daar kan ook besluit word dat die bogenoemde psalms sonder orrelbegeleiding gesing word, hoewel daar dan allerhande nuwe probleme opdoem.

Prakties sal ons seker maar by die ou sleur bly: die psalms met hul verwronge, afgedwonge harmonie sal deur die orrel gespeel word, en die gemeente sal tastend en skoorvoetend meehyg, en na die diens, onderwyl die lekker Sondagmaal genuttig word, sal Oomple miskien terloops vir Tante sê: „Tog jammer, ou vrou, dat Dominee vanmôre weer so 'n onbekende psalm opgegee het!”

Die beslissing wat die Gesangen- en Psalmkomitee aangaande die psalmmelodieë getref het, sal seker eers bekend raak wanneer die Koraalboek verskyn. Maar die *laissez-faire*-houding aangaande die groot gros van ons psalmwysies is nie meer moontlik nie; as die Doriese, Phrygiese en Mixolydiëse wysies gaan behou word, moet ook 'n ernstige poging aangewend word om groter belangstelling vir hulle te wek en hulle aan te leer. Met die orrelbegeleiding het ons ons al klaar versoen, soos ook reeds J. S. Bach self Duitse Doriese en Phrygiese korale geharmonieer het — maar daartoe moet 'n mens 'n Bach wees!

Ek vrees dat die herstel van die oorspronklike ritme, of soos dit gemeenweg genoem word, „die kort en lang note,” nie meer deur ons gemeentes geduld sal word nie. En niemand kan hulle blameer dat hulle die pre-reformatoriese Gregoriaanse Latynse skandering stroef en onnatuurlik vind nie; ek doen dit self en ek het die meerderheid in Holland, Duitsland, Frankryk en Switserland aan my kant: *tempora mutantur et nos in illis*, en jy bedrieg jouself net as jy die horlosie se wysters probeer terugdraai.